# DIE SWART LUIPERD

No. 68
Die Verlore Stam



MEIRING FOUCHE


In nog een van Meiring Fouche se beroemde Swart Luiperd reeks bewys hy weereens dat hy 'n meester van spanningsverhale is en bereik hy 'n nuwe hoogtepunt.

Leon Fouche, beter bekend as die Swart Luiperd, staan op die lughawe van Nairobi en wag op die aankoms van 'n Boeing van die Suid Afrikaanse Lugdiens waarop sy vrou en seun onderweg na Kenia is. Na 'n vertraging van meer as 12 uur arriveer die vliegtuig, maar dan moet hy tot sy onsteltenis verneem dat die vliegtuig van sy koers afgedwing is en dat sy vrou en seun iewers in die Kongo ontvoer is. Hy besluit om hulle te gaan soek en in die gebeure wat daarop volg loop die spanning hoog.

Sal die Swart Luiperd daarin slaag om hulle op te spoor? Lees in hierdie spanninsvolle bladsye die oplossing van die tergende geheim.

**Stofomslag: Willie du Plooy**

6 000256 000063



# Hoofstuk 1

Dit is nog vyf minute voordat die Suid-Afrikaanse passasiersvliegtuig uit Johannesburg op die lughawe van Nairobi in Kenia moet neerstryk.

In die groot saal van die lughawegebou heers daar 'n opgewonde stemming. Daar is heelwat persone wat mense kom afhaal en andere wat met die passasiersvliegtuig na Europa moet vertrek. Telkens word daar op horlosies gekyk. Die tyd tik so stadig verby wanneer 'n mens haastig en opgewonde is.

Daar is veral een man in die saal wat meer dikwels op die horlosie kyk. Hy is 'n besonder groot, kragtig geboude man wat dadelik die aandag trek. Hy is nie alleen groot gebou en bruin gebrand nie. Hy is ook anders aangetrek. Aan hom is daar niks van die fynigheid van die groot stad nie. Hy dra 'n kakie-uitrusting met 'n hoed waarom daar 'n band van luiperdvel is. Hy lyk somaar soos 'n man van die groot oop wêreld, 'n avonturier met helder oë. Twee ongelooflike breë skouers.

Hy is die middelpunt van belangstelling. Almal drom om hom saam en luister na wat hy te sê het. Hy is immers die Swart Luiperd. Daardie legendariese Suid-Afrikaner wat deur die woude en oor die vlaktes van Afrika swerf, bloot op soek na avontuur. Die man wat by die inboorlinge bekend is as die tier-mens omdat hy soms die liggaam van 'n man het maar die kop van 'n tier.

Toe hy vroeër in die saal binnegekom het, het hy onmiddellik die aandag getrek en mense het oor hom begin fluister. Dit is die Swart Luiperd het hulle vir mekaar gesê. Dit was ook nie lank nie of hulle het by hom begin aandring om vir hulle van sy ondervindinge te vertel.

Dit is iets wat die Swart Luiperd nie graag doen nie. Hy is 'n kragtige man wat seker al meer ondervindings het as die meeste ander. maar hy is ook 'n beskeie man. Hy praat nie graag oor wat hy in die oerwoude en in die vlaktes beleef nie. Tog is hy vandag nogal mededeelsaam met sy ryke avonture en hy het hulle reeds 'n hele paar petaljes vertel wat hy deurgemaak het. Daar is 'n goeie rede waarom die Swart Luiperd vandag bereid is om 'n bietjie te gesels. Hy is seker die mees opgewonde van hulle almal wat hier bymekaar is. Dit is nou byna vier maande dat hy sy vrou en sy seun laas gesien het. En vandag kom hulle na hom toe. Hy het vir hulle 'n safari gereël deur die interessante dele van Kenia en Tanzania. Sy vrou, Sonia, en sy seun, Bennie, vergesel hom selde op sy reise

maar af en toe trek hulle drie tog saam. Daarom het hy vir Sonia geskryf om per vliegtuig na Nairobi te kom sodat hulle daarvandaan kan vertrek. Vir hulle is hierdie altyd 'n heerlike gebeurtenis wanneer hulle saam kan wees in die wilde natuur van Afrika.

Die Swart Luiperd het so pas weer 'n verhaal afgesluit en die wat daar is kyk met hernude bewondering na hom. Toe kyk hy weer op sy polshorlosie. Hy staan op. Die ander staan ook op. Die uur dat die vliegtuig moet aankom, het aangebreek.

Hulle beweeg almal na die ingang van die saal wat uitkyk op die landingsbaan. Hulle verbeel hulle hulle hoor al die vliegtuig dreun.

'n Minuut gaan verby. Twee minute, drie minute. Toe is vyf minute verby. Die passasiersvliegtuig uit Johannesburg is vyf minute laat. Dit is eienaardig, sê iemand. Dit is nie 'n gewoonte wat die vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugdiens het om laat te wees nie.

,,As 'n mens dink waar Johannesburg geleë is en waar Nairobi lê, is dit tog moontlik dat 'n mens met 'n paar minute uit kan wees,'' sê die Swart Luiperd. ,,'n Mens moet hulle dit maar vergewe. Dalk laat daar weggetrek.''

,,O, hulle sal kom,'' sê 'n bejaarde man.

Hulle bly daar staan en nog voordat hulle dit feitlik besef, is dit reeds tien minute oor die tyd. Hulle begin vraend na mekaar kyk. Hulle hoor nog nie die dreuning van die groot voël wat uit die suide moet kom nie.

Die Swart Luiperd se oë word effens nou. Hy kry 'n eienaardige gevoel. 'n Gevoel van onheil en teleurstelling. Hy is 'n sensitiewe mens en hy voel dinge gewoonlik aan lank voordat die gewone mens dit aanvoel. Dit is omdat hy so nou met die natuur saamleef en wanneer 'n mens met die natuur saamleef, ontwikkel jy later 'n ekstra gevoel wat jou waarsku dat iets aan die kom is. Dit is dié soort sintuig, het die Swart Luiperd reeds uitgevind, wat diere besit. 'n Sintuig wat hulle waarsku terwyl die gevaar nog op 'n afstand is.

Hy wil nie glo dat hier gevaar is of onheil nie, en tog kan hy nie ontslae raak van hierdie eienaardige gevoel van beswaring wat in hom opgekom het nie.

Toe dit twaalf minute oor die tyd is, draai hy stil om, stap tussen die groep uit en met lang gemaklike hale gaan hy na die inligtingskantoor van die lughawe.

Ook daar ken hulle hom.

,,Wat is aan die gang?'' vra die Swart Luiperd. ,,Die vliegtuig uit Suid-Afrika is nou al twaalf minute laat. Het u iets gehoor?''





Die vriendelike dame in die kantoor kyk 'n oomblik onseker na hom. Ook sy weet wie hy is. Hy is so groot en sterk en beroemd en tog kan hy so vriendelik wees. Sy weet ook waarom hy so begaan is. Hy het haar ook vertel dat sy vrou en sy seun op pad hierheen is om hom te ontmoet. Hy is so bly daaroor dat hy dit aan almal moet vertel.

,,Die vliegtuig is laat,'' sê die dame. ,,U moet maar net geduld gebruik.''

Hy draai daar weg en stap na een van die vertoonkaste waarin daar allerhande aantreklike kuriositeite uit Afrika uitgestal word. 'n Olifantspoot, 'n skild van zebravel en allerhande ander snaaksighede. Hierdie soort ding maak hom altyd ongeduldig. Hy wonder hoeveel diere gedood word om dit moontlik te maak dat goedjies soos hierdie in winkelvensters vertoon kan word.

Toe hy eindelik weer op sy horlosie kyk, besef hy dat die vliegtuig nou byna 'n halfuur laat is.

Hy draai en kyk deur die saal rond. Mense staan nog steeds by die ingang saamgedrom. Die Swart Luiperd voel 'n koue kol tussen sy skouers. Hy hou nie hiervan nie. Dit is moontlik, heeltemal moontlik en verstaanbaar dat 'n vliegtuig 'n paar minute kan laat wees. Sê vyf minute of selfs tien minute. Maar 'n halfuur! Nee, dit is 'n perd van 'n ander kleur. Hy weet dat die vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugdiens gewoonlik stiptelik op tyd is. Hy draai om en stap weer na die inligtingskantoor.

Hierdie keer kyk die Swart Luiperd dringend en waterpas na die dame agter die toonbank.

,,Is daar 'n fout?'' vra hy. ,,U kan maar eerlik wees met my. Ek sal nie daarvan praat nie.''

Weer sien hy die onsekerheid en verwarring in haar oe flikker. Dit is vir hom meteens duidelik dat sy nie weet wat om vir hom te sê nie. Of as sy weet, dan wil sy dit nie sê nie. ,,Ek weet eintlik nie meer as wat u weet nie,'' sê sy ontwykend. ,,As u onrustig voel waarom gaan gesels u nie met die superintendent nie?''

,,Waar is sy kantoor?'' vra die Swart Luiperd.

Sy beduie vir hom en hy stryk daarheen. Hy merk op dat die ander aankomelinge nou doelloos en rusteloos begin rondstaan. Dit is nou reeds vyf-en-dertig minute wat die vliegtuig laat is.

In die kantoor van die superintendent tref die Swart Luiperd 'n skraal, blas man met ernstige oë aan. Hy lyk baie besig. Hy glimlag egter toe die Swart Luiperd klop en binnekom.

,,Ek is jammer om u te pla,'' sê die Luiperdman, ,,maar ek wil kom hoor wat met die Suid-Afrikaanse passasiersvliegtuig aan die gang is. Dit is nou reeds meer as 'n halfuur laat.''

,,Wil u nie kom sit nie?'' vra die superintendent.

,,Nee, dankie,'' sê die Swart Luiperd. ,,Ek het al vandag genoeg gesit.''

Die man se oë is ernstig en gespanne. Elke keer lui die telefoon sodat hy omtrent nie kans kry om met die Swart Luiperd te praat nie. 'n Lughawe amptenaar kom vinnig binne en sit 'n strokie papier voor die Superintendent neer. Hy kyk vlugtig daarna. Die Swart Luiperd hou hom dop. Dit is blykbaar 'n radioboodskap.

Die man skuif die papier opsy en kyk na die Luiperdman op. ,,U kan gerus 'n oomblikkie kom sit,'' sê hy.

Die Luiperdman kom sit en hy hou die superintendent voortdurend dop.

Hy is 'n man wat daarvan hou om reguit te praat. Hy ken dit nie om taktvol te wees of om draaie te loop nie.

,,Wat is daar aan die gang, meneer?'' vra die Swart Luiperd. ,,Is daar 'n fout?'' Hy kyk so deurdringend na die man dat die superintendent weer sydelings na die strokie papier loer. Toe kyk die man hom waterpas in die oë.

,,Is daar iemand van u op die vliegtuig?''

,,Ja, my vrou en my seun. Dit is baie selde dat ek op 'n lughawe kom, maar hierdie slag verwag ek hulle. Daarom is ek begaan.'' Hy kyk na die elektriese horlosie teen die muur. ,,Die vliegtuig is nou byna veertig minute laat, nie waar nie?''

Die man vat sy hande saam, leun effens vooroor en toe praat hy. ,,Ek wil nie hê u moet dit nou gaan uitsaai nie,'' sê die superintendent. ,,Maar, ek is bereid om u in my vertroue te neem omdat u seker reeds baie gespanne is. En omdat ek weet wie u is. Om die waarheid te sê, weet ons nie wat van die passasiersvliegtuig geword het nie.''

Dit ruk deur die Swart Luiperd. Hy sit op die kant van die stoel.

,,Julle weet nie?''

,,Ek is bevrees,'' antwoord die superintendent, ,,dat ons radiokontak met die vliegtuig verloor het. Oor Tanzania was alles blykaar nog normaal en was hulle met ons in radioverbinding. Nou het ons probeer om met hulle kontak te maak, maar ons slaag nie daarin nie. Maar u moet nie opgewonde word nie. Daar kon iets gebeur het. Ek weet self nie wat nie, om die waarheid te sê nie, maar ons moenie te gou gevolgtrekkings maak nie.''

Die superintendent merk op hoedat die Swart Luiperd verbleek het, selfs onder sy bruin vel. Sy oë is groot en aandagtig.

,,En u het geen idee wat kon gebeur het nie?''

Die man skud sy kop stadig. ,,Nee, ek het nie,'' sê hy. ,,Dit is bepaald buitengewoon dat 'n groot vliegtuig soos die Suid-Afrikaanse Boeing sommer radioverbindings sal verbreek tensy daar 'n goeie rede voor is.''





,,Kan dit . . . is dit moontlik dat dit miskien neergestort het?''

,,U moet dit nie sê nie,'' antwoord die superintendent. ,,Ek vra u, moenie dat ons enige gevolgtrekkings maak nie. Onthou, by enige vlug soos hierdie moet 'n mens rekening hou met die menslike faktor. Dit kan wees dat iets met die instrumente verkeerd gegaan het. Dit is moontlik dat die vliegtuig miskien by Nairobi verby gevlieg het. Ons weet nie. Al wat ek u kan vra is om geduld te gebruik. En om moedig te wees. En dan wil ek u ook vra om asseblief nie te gaan oorvertel wat ek u nou gesê het nie.''

,,Maar die mense is onrustig,'' sê die Swart Luiperd. ,,Dit is nie net ek wat onrustig is nie.''

,,Wanneer die oomblik aanbreek,'' sê die superintendent, sal ons wel 'n aankondiging maak.''

Toe kom daar weer 'n man binne. Hy is haastig en hy kyk vlugtig na die Swart Luiperd. Dit laat die groot man opstaan.

,,Dankie meneer die Superintendent,'' sê hy, ,,ek sal maak soos u gesê het.

Toe hy die deur oopmaak en uitstap, voel hy lam. Sy groot liggaam voel kragteloos. In hom is die angs meteens aaklig en werklik. Hy is 'n man wat selde vrees ken. Selfs in doodsgevaar kan hy voel, kalm en doelbewus bly maar hierdie is 'n ander situasie. Hierdie is 'n situasie wat die dapperste man magteloos maak en bang. Sy vrou en sy seun. Dit is wat nou van belang is. Dit is nou reeds meer as 'n driekwartier dat die vliegtuig laat is.

Toe hy die groot saal binnekom, merk hy dadelik op dat die onrus onder die teenwoordiges sterk gestyg het sedert hy hulle laas gesien het. Mense drom by die inligtingstoonbank saam. Ander staan in groepies bymekaar en praat. Ander staan nog by die ingang van die saal. Hulle luister. Maar hulle hoor nie die dreuning van die vliegtuig se motore nie.

Mense kom na hom en begin hom dadelik met vrae bestook. Hy hou sy hande omhoog. ,,Mense asseblief,'' sê hy, ,,ek weet nie meer as wat julle weet nie. Al wat ek weet is dat die vliegtuig nou byna driekwartier laat is. Meer kan ek nie sê nie. Ek neem aan 'n aankondiging sal tegelykertyd gedoen word.''

Toe draai hy van hulle weg en met sy hande agter sy rug saamgevat dwaal hy deur die saal rond sonder dat hy eintlik weet wat hy doen. Die oë van sy vrou is voor hom. Hy hoor die stem van sy seun, Bennie. Nog nooit het hy in sy lewe so magteloos gevoel soos nou nie. Daar is niks op aarde wat hy kan doen behalwe om te

wag nie.

En terwyl hy daar so dwaal, kom daar in hom allerhande aaklige denkbeelde. 'n Vliegtuig wat neerstort is iets verskrikliks. Wat sou dan kon gebeur het. Hy dink aan al die moontlikhede. Die instrumente, soos die superintendent gesê het, kon verkeerd gegaan het. Dit is moontlik dat die vliegtuig wel by Nairobi verbygevlieg het. Maar hoe meer hy homself dit wysmaak, hoe meer besef hy dat dit hoogs onwaarskynlik is. Hoe meer hy aan moontlikhede dink, hoe sterker word die gevolgtrekking dat die Boeing neergestort het.

En toe die Swart Luiperd hom weer kom kry, is hy nat van die sweet, nie van Nairobi se hitte nie, maar van 'n stygende angs. Hy kyk na die ander wat daar is en hy sien in hulle stil oë, in hul kalm liggame dieselfde angs as wat van hom besit geneem het.

Hy staan byna in die middel van die saal toe die luidspreker hard en duidelik deur die stilte blêr.

Dit is nou 'n uur en drie minute dat die vliegtuig laat is.

,,Aandag. . . aandag. . .'' kom dit oor die luidspreker. ,,Die Suid-Afrikaanse Boeing vliegtuig is nou 'n uur en drie minute laat. Ons wil aankondig dat ons radioverbinding met die vliegtuig verloor het. Tot dusver kon ons dit nie opspoor nie. Ons kon nog geen rede vind waarom dit laat is nie. Ons wil 'n beroep op u almal doen om kalm te bly. Sodra enige nuus ontvang word, sal ons u onmiddellik verwittig. Ons vra u nogmaals om net kalm te bly.''

Dit is makliker gesê as gedoen, dink die Luiperdman. Wie kan kalm bly in omstandighede soos hierdie. Hy kyk na die mense om hom heen. Die meeste van hulle het blykbaar ook familiebetrekkinge 'n bekende op die vliegtuig. Wat sou die gevoelens en die gewaarwordinge wees wat in hulle omgaan?

Wat eers minute was, word later ure. Lang ure van kommer en wag en spanning. Mense praat omtrent nie meer met mekaar nie. Hulle sit net in die stoele en kyk voor hulle uit. Elkeen het sy eie gedagtes. Sy eie gevolgtrekkings.

Nadat die vliegtuig twee uur laat is, kom daar weer 'n aankondiging oor die luidspreker.

,,Aandag . . . aandag. . . tot dusver is die Suid-Afrikaanse Boeing nog nie opgespoor nie. Daar word nou aangeneem dat die vliegtuig 'n noodlanding gedoen het. Toe ons laas in radioverbinding daarmee was, was alles normaal en in orde. Daar word wyd en syd navraag gedoen. U kan daarvan seker wees dat geen steen onaangeroer gelaat word om te probeer vasstel wat van die vliegtuig geword het nie. Ons vra u weer, bly asseblief net kalm. Ons weet in watter spanning u is maar ons vra tog, bly asseblief kalm.





Sodra ons enige nuus ontvang, sal ons u onmiddellik in kennis stel.''

Vir hulle wat wag is dit maar 'n skrale troos. Dit is nie nodig om hulle te vra om kalm te bly nie. Vrees maak jou magteloos. En wanneer jy magteloos is, is jy ook gewoonlik kalm. Elkeen wat daar sit en wag weet goed genoeg dat daar niks te doen is nie. Geduld—dit is die enigste uitweg.

Die ure gaan verby. Dit word middernag. Drie uur. Vyf uur.

Toe die dag breek, sit hulle nog net waar hulle gesit het. Party het selfs daarin geslaag om aan die slaap te raak. Vliegtuie het gedurende die nag gekom en gegaan. Elke keer wanneer 'n vliegtuig gedreun het, het hulle almal vervaard opgespring maar dan moes hulle oor die luidspreker hoor dat dit nie die vliegtuig is waarop hulle wag nie.

Party glo dat die Boeing 'n noodlanding gedoen het. Party glo dat dit neergestort het.

Dit is 'n uur na sonop toe daar 'n aankondiging oor die luidspreker kom. 'n Aankondiging wat almal op hul voete bring.

,,Aandag. . . aandag. . . dit is met groot genoeë dat ons kan aankondig dat ons weer in verbinding gekom het met die Suid-Afrikaanse Boeing. Die vliegtuig is op pad na die lughawe van Nairobi. Meer kan nou nie gesê word nie. Besonderhede sal later bekend gemaak word.''

Die uitwerking is ongelooflik. Wild vreemde mense gryp mekaar aan die skouers en begin rondomtalie. Dit lag en praat. Hulle het almal ontwaak. Hulle drom saam om die koffielokaal. Hulle drom saam om die Swart Luiperd. Hulle dring selfs daarop aan dat hy weer van sy stories moes vertel en hy is so opgewonde dat hy daaraan gehoor gee.

Maar by hulle is daar nog 'n spanning. Die spanning van die laaste oomblikke. Wanneer sal hy hier wees? Party staan by die ingang, ander stap die gebou uit, gaan staan in die son en kyk na die lug op.

En toe hulle weer die veraf dreuning hoor, hardloop hulle almal uit op die balkon van die lughawe. Hulle soek in die lug, soek na 'n groot blink vliegtuig wat uit die suide moet kom.

Maar toe is daar vir hulle 'n vreemde verrassing. Hulle sien hom ver maar hy kom nie uit die suide nie. Hy kom uit die noordweste. Hy gaan sy draai maak en toe sak hy af na die landingsbaan. Hulle spring van opgewondenheid, klap die hande en roep uit. Niemand wonder eintlik waarom die vliegtuig uit die noordweste kom nie.

Daar is net 'n paar, onder wie die Swart Luiperd, wat fronsend

na die groot blink voël kyk wat nou die ver punt van die landingsbaan nader. Sou die Boeing dan waarlik so ver van sy koers geraak het? Dit is byna ongelooflik. Dit sou beteken dat die vliegtuig dwarsdeur die nag moes gedwaal het.

Maar in elk geval, die veilige aankoms is vir hulle meer as al die raaisels van die wêreld. Toe die vliegtuig se wiele die loopbaan aanraak, storm hulle terug met die trap af na die saal. Hulle gaan verdruk mekaar in die deure van die saal.

Hulle kan dit eintlik nog nie glo toe die massiewe vliegtuig eindelik voor die lughawegebou tot stilstand kom nie. Vroue het aan die huil gegaan en mans het hul vuiste styf gesluit.

Die deur gaan oop en die eerste insittendes verskyn. Hiervandaan sien hulle die lugwaardin by die deur staan.

Hulle begin met die leer afkom. Elkeen wat hier wag wat 'n familiebetrekking of 'n bekende uitken, gaan aan die juig.

Die Swart Luiperd kyk oor hulle heen met sy kop ver vooruit gestoot. Hierdie is vir hom een van die kosbaarste oomblikke van sy lewe. Deur al die spanning het nou die oomblik aangebreek. Veral is dit vir hom 'n oomblik van vreugde en afwagting omdat hy sy dierbares so lanklaas gesien het en omdat daar vir hulle so 'n aangename vooruitsig is.

Hy kyk en hy kyk. Die passasiers borrel by die deur uit. Dit lyk byna asof hulle dankbaar is om uit die vliegtuig te kom.

Maar hy sien nie vir Sonia en Bennie nie. Hulle het seker heel voor gesit.

Die insittendes tou nou oor die aanloopbaan in die rigting van die saal.

En toe, meteens, is dit duidelik dat al die insittendes uitgeklim het. Die lugwaardin volg hulle met die trap af.

Maar dit kan nie wees nie, sê die Swart Luiperd tot homself. Dit is onmoontlik.

Toe dink hy aan die moontlikheid dat hulle miskien die vliegtuig verpas het. Maar dan sou hulle hom tog laat weet het.

Sonia se jongste telegram was duidelik genoeg. Sy het presies die dag en die uur genoem wanneer sy en Bennie per vliegtuig hier sal aankom. En tog is hulle nou nie hier nie. Die Luiperdman stap vorentoe. Hy is nou in die deur. Hy kyk weer die mense deur wat aangetou kom. Nee, Sonia en Bennie is nie tussen hulle nie.

Daar kom in hom 'n baie vreemde gevoel. 'n Heeltemal onverklaarbare gevoel. Hy voel hoedat die skok hom verlam en hom duiselig maak.

Daar kom nou die bemanning. Hulle kom die leer af en stryk vinnig oor die aanloopbaan.





Die Swart Luiperd is nie eens daarvan bewus dat mense mekaar hier om hom groet en mekaar omhels nie. Hy hoor nie eens die opgewonde gepraat nie. Die vreemde nuus wat die insittendes meedeel, dring nie eens tot hom deur nie.

Hy bly daar staan totdat die bemanning van die vliegtuig ook by die deur ingekom het en weer weggestap het. Toe bemerk hy eers dat hy stoksiel alleen daar staan. Verdwaas draai hy om en kyk deur die saal. Die van wie bekendes of familie gekom het, gesels opgewonde. Die wat met die vliegtuig verder wil reis na Europa is die ene opgewondenheid.

Hy bly staan net waar hy is. Hy is meteens nie tot beweging in staat nie. Dit voel vir hom asof hy nie een voet voor die ander kan sit nie.

Eers toe die versoek die tweede maal oor die luidspreker kom, dring dit tot hom deur. ,,Sal mnr. Leon Fouche asseblief dadelik na die kantoor van die superintendent kom. . . mnr. Leon Fouche. . . sal hy asseblief onmiddellik na die kantoor van die superintendent kom?

Die Swart Luiperd besef dt dit sy naam is. Hy begin deur die saal aanstryk en hoe verder hy stap hoe swaarder en hoe wurgender word die gevoel van onheil.

En toe hy die kantoor van die superintendent binnekom, staan die man onmiddellik op. In die kantoor is ook die kaptein van die Boeing vliegtuig wat byna twaalf uur laat uit die verkeerde rigting op Nairobi kom neerstryk het. . .